e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

31 Mei 2012
Jaargang 5 – Uitgawe 17

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Agterblad

Teken in op die *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Kan die Kerk restitusie-eise verwag?

Ten minste vier gemeentes van die NHKA het op gemeentevergaderings besluit om 'n *Christelike Vereniging* te stig en om dan die eiendomme en bates van die gemeente na hierdie vereniging oor te dra. Daar word gesê dit is nodig om die gemeentelike eiendomme op dié manier te beskerm teen moontlike restitusie-eise.

Ds Etienne Fourie het die saak ondersoek, en lewer soos volg verslag.

Al die gemeentes wat hierdie stappe geneem het, skaar hulle by die steedsHervormers-groepering. Ds Frans Marais, skriba van die steedsHervormers, is gevra om hul mening oor die bedreiging van restitusie-eise, soos hulle dit verstaan, te gee. Sy antwoord aan die *e-Hervormer* was: *Dankie vir die uitnodiging om in samewerking met u as skrywer 'n gedeelte van 'n artikel vir die* e-Hervormer *saam te stel. Ongelukkig moet ons u meedeel dat die saak aangaande restitusie op die juridiese terrein beweeg waarvan ekself en lede van die komitee van steedsHervormers nie kenners is nie. U kan dit dus oorweeg om 'n regsopinie oor die saak in te win.*

Intussen het daar op 27 Mei 'n artikel getitel *Restitusie deur kerke om beursies te sterk* op die Facebook-blad van die steedsHervormers verskyn. Dié artikel kom uit die mondstuk van die HNP, *Die Afrikaner (25-31 Mei)*. Omdat die artikel deur die administrateurs van die steedsHervormers geplaas is, kan die afleiding gemaak word dat die steedsHervormers hulle daarmee vereenselwig. In die kommentaar word beweer dat die kwessie van restitusie gebruik gaan word om die finansiële verknorsing waarin die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke verkeer, te verlig. Daar word ook melding gemaak van 'n *oproep om restitusie wat deur 'n "inheemse" Amerikaner gedoen is by die stigting van die WCC.* (Dit was inderwaarheid by die stigting van die World Communion of Reformed Churches {WCRC} in 2010; die World Council of Churches {WCC} bestaan reeds sedert 1937- Red.)

Ook die Waarheids- en Versoeningskommissie word betrek, en daar word na bewering aan gemeentevergaderings gesê dat die NHKA hom oopgemaak het vir restitusie-eise, omdat die Kerk skuld sou bely het oor apartheid.

Die *e-Hervormer* het so deeglik moontlik navorsing probeer doen, en stel graag die volgende:

Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK)

Dr Kobus Gerber, Algemene Sekretaris van die NG Kerk en een van die visepresidente van die SARK, reageer soos volg: *In die Suid-Afrikaanse konteks is restitusie een van die talle maniere waarmee talle samelewingsinisiatiewe werk om iets van die stukkendheid van die land se verlede te heel. Dit is 'n **helingsinisiatief** wat ook deur kerke **vrywillig** gebruik word. Daar is talle van die mooiste verhale in die verband. Dit het te make met kerke se belydenis oor hulle aandeel aan apartheid, maar word nie daardeur veroorsaak nie.*

LEES VERDER OP BLADSY 2!

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhk.co.za**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

Kan die Kerk restitusie-eise verwag?

(VERVOLG VAN BLADSY 1)

Graag wil ek dit kategories stel dat –

- *dit nie voortvloei uit eise "**omdat**" kerke hulle aandeel aan apartheid bely het nie*
- *dit nie aksies is op grond van druk van owerheidsweë of die SARK nie*
- *dit eweneens moedswillige onsin is om te beweer dit gebeur met die oog op die bevoordeling van die SARK – die SARK sou immers nie finansieel gesukkel het as hy hierby gebaat het nie...*

Enigiemand wat nie 'n onderskeid wil of kan maak tussen die staat se restitusie-aksies en die evangelies-gedrewe aksies van geloofsgemeenskappe nie, is besig om die saak van die Here se Ryk skade aan te doen: die twee goed het met mekaar niks te doen nie.

Waarheids- en Versoeningskommissie (WVK)

Prof Piet Meiring, lid van die toenmalige WVK en sameroeper van die taakspan wat die voorleggings van kerke aan die WVK hanteer het, stel dit dat hy hoegenaamd nie bewus is van enige eise om restitusie wat aan kerke gemaak word wat voortspruit uit die werksaamhede van die WVK nie. Hy meld ook dat hy nie kan sien hoe so iets ooit sou moontlik wees nie.

Stanley Henkeman, hoof van die afdeling *Building an Inclusive Society* van die Instituut vir Geregtigheid en Versoening, wat gestig is om te sorg dat die lesse wat uit die WVK geleer is nie verlore sal gaan nie, bevestig ook dat hy nie bewus is van enige moontlikheid dat kerklike eiendomme in gedrang kan kom as gevolg van restitusie-eise nie. Dit is slegs waar grondeise as gevolg van gedwonge verskuiwing geregistreer is, dat die onteiening van eiendom ter sprake is. Die Grondwet maak volgens hom nie voorsiening om op enige ander manier eiendomme oor te neem waar *restitusie* ter sprake sou wees nie.

WCRC

Dr Kobus Gerber, ook lid van die Uitvoerende Komitee van die WCRC, stel die volgende: *Geregtigheid as Bybelse opdrag ten opsigte van alle fasette van die samelewing en menswees is een van die kernfokusse van die WCRC. Om dit te interpreteer dat die WCRC 'n "restitusie"-agenda vir bepaalde kerke of gemeenskappe sou hê, is moedswillige onsin. Die WCRC se inisiatiewe is deursigtig en kan deur enigeen ondersoek word.*

Ekself was teenwoordig by die stigtingsvergadering van die WCRC. Die sogenaamde *inheemse* Amerikaner was Rev Richard Twiss, wat 'n genooide gasspreker by die vergadering was. In 'n toespraak van ruim 90 minute het Twiss een of twee sinnetjies gewy aan die saak van restitusie, en dit was spesifiek ten opsigte van die omstandighede waarin die inheemse stamme (deur sommige genoem *Rooi Indiane*) hulle in Noord-Amerika bevind. Twiss was nie 'n afgevaardigde na die vergadering nie en kon nie en het ook nie 'n voorstel oor sy saak rondom restitusie ingedien nie. Die WCRC het geen besluite oor restitusie geneem nie.

Uit bogenoemde behoort dit duidelik te wees dat die gewaande gevaar wat gemeentes loop om hul eiendomme as gevolg van restitusie te verloor 'n wanvoorstelling is. In die Junie-uitgawe van *Die Hervormer* word die verskil tussen die reëls ten opsigte van eiendom wat geld vir 'n sedelike liggaam (*universitas)* en dié van 'n vereniging of maatskappy (*societas)* breedvoerig verduidelik. Indien restitusie as rookskerm gebruik word om gemeentes oor te haal om hul eiendom oor te dra na 'n vereniging sodat daar met meerderheidstem in plaas van 100% eenstemmigheid besluite geneem kan word, moet daar ernstige vrae gevra word oor die ware motiewe en uiteindelike doelwitte van diegene wat gemeentes se eiendomme op dié manier wil vervreem.

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Frikkie Labuschagne by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Vakante standplaas

- **Gemeente Ottosdal** beskik oor 'n vakante **voltydse standplaas** en het die proses begin om 'n beroep uit te bring. Ottosdal is 'n plattelandse gemeente ongeveer 75 km van Klerksdorp af. Die gemeente beskik oor 'n ruim pastorie. Predikante wat belangstel om hul name op die groslys te plaas, moet **voor of op 15 Junie 2012** hul name en kontakbesonderhede stuur na **ottosdal@nhk.co.za**. Vir meer inligting, kontak die gemeentelike kerkkantoor by 018 571 0200 (Ma, Wo of Vry tussen 09:00 en 13:00). Die kerkraad is nie verplig om uit die groep aansoekers 'n beroep uit te bring nie.

Brugpredikant benodig

- Die **Otjiwarongo/Outjo-kombinasie in Namibië** benodig so gou moontlik die dienste van 'n **emerituspredikant** van die Kerk, om vir 'n tydperk van 2 tot 3 maande die kombinasie te bearbei. Die vorige drie emeriti wat op dieselfde basis met die bediening gehelp het, di Philip Prinsloo, Hennie Aucamp en Nico Brayshaw, het werk van onskatbare waarde gedoen. Die emeriti hou as't ware *vakansie* en ontvang kontant sodat dit nie werkspermit- en visumkomplikasies inhou nie. Kontak dr Frikkie Labuschagne, sekretaris van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV), by 012 322 8885 x256 of **frikkie@nhk.co.za** vir meer inligting.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Alle lief en leed vir plasing in die kerklike publikasies moet aan die Sekretaris vir SENTIK, dr Wouter van Wyk, by **wouter@nhk.co.za** gestuur word, of skakel hom by 082 339 2332.

Ds Pierre Kotzé

- **Ds Pierre Kotzé** van Gemeente Piet Potgieter is op Woensdag 30 Mei na sewe weke uit die hospitaal ontslaan, maar moet voortgaan met nierbehandeling (dialise al om die ander dag). Hy sal voorlopig in Johannesburg by familie aanbly om naby die kliniek te wees waar hy behandeling ontvang. Die Kerk wens hom beterskap toe, en sterkte met die aanpassings wat hy noodgedwonge aan sy lewenstyl moet maak.

- Die **agtste preekskets**, deur **ds Colin Hertzog van Middelburg-Noord**, is op Dinsdag 29 Mei aan predikante gestuur. Dié preekskets is geskryf met die oog op Drie-eenheidsondag, 3 Junie. **Lidmate** kan gaan na **www.nhk.co.za** (of **www.nhka.org**) → So werk ons → Toerusting → In Christus se voetspore vir agtergrondinligting en 'n paar vrae oor die betrokke teksgedeelte wat gesprek in die gemeente kan stimuleer.

- **AKSIEGROEP VIR BEJAARDES: 'n Wenk vir bejaardesorg.** Dis baie moeilik vir bejaardes om gordyne af te haal en weer terug te hang. Help die bejaardes in jou gemeente en omgewing om dit te doen wanneer hulle gordyne wil was. Gaan na **www.diakens.co.za** vir meer inligting oor bejaardesorg.

- **GELOWIGE GESINNE GESPREK. Die kerk het twee hande.** Die kerk moet in ons tyd gesinne met twee hande vashou: een hand wat rigting wys, en die ander wat vertroos. Die **hand wat rigting wys,** moet getuig van wat God se bedoeling met gesinne is, gesinne vashou sodat hulle beskerm word teen die gevare wat

hulle in die oë mag staar, en die eise wat die evangelie aan ouers en kinders stel as riglyn vir ons lewens voorhou. Die **hand wat vertroos,** hou gesinne vas wanneer hulle deur egskeiding, konflik en allerlei gevare bedreig word, bied hulp en ondersteuning, en skep ruimte vir gebroke en seerkrymense. As ons die sterk hand wat rigting wys laat los, smelt ons eenvoudig saam met die wêreldse koninkryk en deel ons nie in die koninkryk van God nie. Laat ons die sagte hand wat vertroos los, word die evangelie 'n stok waarmee mense geslaan word en die kerk 'n gebou waarvan die drumpel te hoog is vir die meeste mense. God vra nie van ons om perfekte gesinne te wees nie, maar gelowige gesinne.

Lees ook elke maand die **artikel oor gesinsbediening in *Konteks***. Kontak ds Danie van der Watt by 082 572 4855 of ds Thinus van Staden by 084 589 7035 indien u 'n lid van die Raad vir Gesinsbediening vir gesprek na u gemeente of ring wil nooi. Seënwense aan elke gesin!

- Die **evaluering van voornemende teologiestudente** vind op **13 Julie** by UP plaas. Matrikulante asook persone wat reeds gematrikuleer het, kan aansoek doen vir evaluering om as student van die Kerk te studeer. Aansoekvorms kan aangevra word van die Administrateur, Kuratorium vir die Teologiese Opleiding, Posbus 2368, Pretoria 0001; tel 012 420 5393; faks 012 420 4303; of per e-pos van **betsie.brits@up.ac.za**. Die **sluitingsdatum vir inhandiging van volledig voltooide aansoeke is 2 Julie.**

- Predikante wat kans sien om 'n Sondag in **Harare** te preek, word versoek om ds Theuns Botha te kontak by **camelhors@gmail.com** of tel 00263 777008324. Ds Botha hou een erediens per maand in Harare, en die gemeente wil graag meer predikante uitnooi om by hulle te kom preek. Predikante hoef **net die Sondag om 10:00** die erediens waar te neem. Indien die ring of gemeente nie die koste kan dra nie, is die gemeente bereid om daarmee te help. 'n Gemeentemotor is beskikbaar en huisvesting word gereël. Vliegkoste wissel maar beloop ongeveer R4 500 per besoek. Die gemeente het groot waardering vir die Kerk se hulp en bydraes in die verlede.

- **Gemeente Piet Retief** vier vanjaar hul **eeufees**. Alle lidmate wat voorheen aan die gemeente verbonde was, word versoek om vertellings, foto's en ander gedenkwaardighede beskikbaar te stel. Almal word ook uitgenooi om die **naweek van 17-19 Augustus** aan die verrigtinge deel te neem. Dit sal 'n **dankdiens** op Vrydag 17 Augustus en 'n **basaar** die Saterdag insluit. Skakel Jan Venter by 082 925 3951 of 017 826 3604.

- **Gemeente Buffelspoort** (by Mooinooi) beskik steeds oor 'n vakature vir 'n **orrelis.** Stuur aansoeke aan mev Sarie van den Berg by **marikana@nhk.co.za**, of kontak haar by 083 654 0626.

- **Preekbeurte in Dullstroom.** Predikante kan by Gemeente Dullstroom preek en gratis verblyf vir die naweek kry. Die verblyf is vir die predikant en sy/haar gade en 'n voorskoolse kind. Vir ander kinders moet self betaal word. Kontak Johanna by **nhkdullstroom@yahoo.com** of 072 116 3353.

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 8 Junie, en word hartlik geluk gewens.**

o Donderdag 31 Mei:	Ds Gert van Staden (ringsbenoeming Bothaville)
o Maandag 4 Junie:	Di Thomas Joubert (Swellendam) en Tiaan Loedolff (Alberton)
o Dinsdag 5 Junie:	Dr Hans Dreyer (emeritus) en ds Frikkie van Wyk (Montana-Oos)
o Woensdag 6 Junie:	Prof Andries Breytenbach (emeritus), di Petrus Dreyer (Barberton) en Herman Jansen van Rensburg (siekte-emeritaat)
o Donderdag 7 Junie:	Di Leon Nell (emeritus) en Johnny Young (Rustenburg-Tuine)
o Vrydag 8 Junie:	Ds Willem Breytenbach (Hazyview/Sabie)

Beplande vergaderings

• Vrydag 1 Junie:	NHKA Predikante-aftreefonds
	NHKA Personeelpensioenfonds
• Saterdag 2 Junie:	RV Bothaville
• Sondag 3 Junie:	RV Brakpan
	RV Pretoria-Noord
	RV Roodepoort
• Maandag 4 Junie:	RV Roodepoort
	RV Bronkhorstspruit
• Dinsdag 5 Junie:	RV Chrissiesmeer
	RV Middelburg
	Operasionele Komitee van die Ondersteuningsraad
• Woensdag 6 Junie:	RV Waterberg
• Donderdag 7 Junie:	Kommissie van die AKV
• Vrydag 8 Junie:	Kommissie van die AKV
	RV Lydenburg
	RV Dorsland
• Saterdag 9 Junie:	RV Dorsland

Kursusse en toerusting

- **Instituut vir Kerkmusiek in Suid-Afrika (IKSA)**
  Diploma in Himnologie 2012
  - o Funksie van die lied in die erediens
  - o Agtergrond van kerkliedere uit alle wêrelddele
  - o Eietydse behoeftes
  - o Samewerking tussen verskillende groepe
  - o Rol van die sanggroep
  - o Die lied in die Kerkjaar
  - o Die kerklied en simboliek

  Aanbieder dr Elsabé Kloppers
  Gerig op predikante, orreliste en belangstellende lidmate
  Strek oor twee jaar met twee ontmoetingsgeleenthede per jaar
  en 'n werkstuk wat ingedien moet word
  Kursusfooi R800 per persoon per jaar
  Kerkrade word versoek om hul predikante en orreliste vir die kursus in te skryf
  Eerste ontmoeting vanjaar in Pretoria op **Saterdag 9 Junie**
  Skakel met dr Elsabé Kloppers by **iksa@absamail.co.za** of 012 429 6589 (k)

TOEGEPASTE BERADINGSKOLE VIR LERAARS EN TEOLOGIESTUDENTE

Bruikbare beradingsopleiding en praktiese ervaring
wat 'n brug bou tussen teologiese teorie en die bedieningspraktyk waar sorg, ondersteuning en berading van gemeentelede deurslaggewend is.

'n Verskeidenheid beradingstemas word gedek in 'n diverse kulturele konteks soos wat dit van toepassing is op u pastorale pligte. Daar is ruim geleentheid om vaardighede prakties te oefen in 'n geborge, uitdagende en werklike situasie.

16-20 Julie, 10-13 September 2012, PRETORIA
contact@acdisa.org vir meer inligting

Aangebied deur die Applied Counselling & Development Institute of SA se geregistreerde en gesertifiseerde pastorale en sielkundige beraders en traumapraktisyns.

Konserte en feeste

- **Sondag 3 Junie om 15:00: Gemeente Nelspruit**
  Songs of Praise
  Met Richard Cock
  Kerkgebou, Belladonnastraat 120, Nelspruit
  Toegang R75
  Bespreek by kerkkantoor (013 741 1455), kaartjies ook by deur beskikbaar
  Navrae by 082 460 8252

- **Saterdag 9 Junie: NHSV Warmbad**
  Warm-wintertee
  Ten bate van sorgbehoewende kinders in die gemeenskap
  Dienssentrum, Van der Merwestraat, Bela Bela
  Gasspreker, kunstenaar, geskenkies en geskenkbewyse
  Uitstallers welkom, skakel Suzi van Dyk (083 310 4943)
  Kaartjies R50 per persoon
  Verkrygbaar by Amanda Liebenberg (071 877 6640)
  en Rina Steynberg (082 898 7517)

Kampe en toere

- **Toer op Bybelse voetspore...**
  Egipte, Israel en Jordanië
  4-18 Desember 2012
  Kontak ds Hannes van der Merwe by 082 575 1979
  of **hannes@pretoriaoos.com** vir meer inligting

Kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Port Shepstone: Prawnfees**
  Vrydag 6 Julie om 18:00
  Scottstraat 3
  Kaartjies @ R150, kinders onder 12 halfprys
  Eet soveel jy kan!
  Driegang maaltyd, spitbraai as alternatief
  Kontantkroeg
  Kontak Adri by 082 572 4280 of Petro by 084 951 8961

- **Gemeente Philadelphia: Fietstoer 2012 Julievakansie**
  40 studente ry vir 15 dae fiets om fondse in te samel vir liefdadigheid
  Vertrek op 30 Junie uit Pretoria
  Besoek Kempton Park, Drie Riviere, Vanderbijlpark, Sasolburg, Parys, Welkom, Wolmaransstad, Klerksdorp, Potchefstroom en Krugersdorp, en is op 14 Julie terug in Pretoria

Navrae? Borgskappe? Wil jy saam kom fietstrap?
Kontak Fanie Willers (toerleier): **fanie.willers@gmail.com** of 072 494 8735
Lizaan Britz (ondertoerleier/bemarking): **lizaanbritz8@gmail.com**
of 076 315 4218
E-pos: **philadelphia@nhk.co.za**. Webwerf: **www.philadelphia.co.za**

- **Gemeente Witfield in Boksburg: Boogjagkompetisie**
  Sluitingsdatum: 29 Julie 2012
  Kaartjies R100 donasie
  1ste prys: 10 diere, waarde R40 000, en 5 nagte verblyf
  2de prys: 8 diere, waarde R19 300, en 3 nagte verblyf
  3de prys: 6 diere, waarde R11 000, en 3 nagte verblyf
  Geborg deur Nyalarus, tussen Groblersdal en Marble Hall
  Geweerjag kan gereël word
  of keuse om plaas se professionele jagter te gebruik
  Pryse verval op 30 September 2012
  Kontak Adri Nel by 084 200 1027
  of Chaan Bezuidenhout by 082 853 5895 vir meer inligting

Basaars en markte

- **Vrydag 1 Junie: Gemeente Coligny: Winterfees**
  Gaskunstenaar Jesse Ackerman – kom sing karaoke saam en wen
  Hoëgehaltevleis teen uiters billike pryse
  Kaiings, pannekoek, hamburgers, nagereg, tuisgebak...
  Tombola, skyfskiet, kunsmark, kweekstalletjie, snoepie, roerbraai, skaappot...
  Springkasteel vir die jonges
  Heelwat pryse te wen – pragtige troupop, tafelnet, geslypte diamant...
  Die aand modeparade met ons eie modelle en gasmodelle
  Navrae aan **jsjordaan@telkomsa.net**

- **Vrydag 1 en Saterdag 2 Junie: Gemeente Waterberg: Bosveldbasaar**
  Vrydag 17:00: Geniet potjiekos na beoordeling
  Saterdag vanaf 08:00: Basaar
  Sosaties, vars vleis, wildswors en -biltong, vetkoeke...
  Speletjies vir die kinders, veteraanmotors, vinnige ysterperde, skyfskiet...
  Kontak Mariet by 082 699 9862 of Kotie by 014 717 5477
  (08:00 tot 13:00)

- **Vrydag 1 en Saterdag 2 Junie: Gemeente Randburg**
  Vrydag om 19:00: Esti van Rooyen sing tot eer van God
  Volwassenes R100 per persoon
  R50 per laerskoolkind

Voorskoolse kinders gratis
Saterdag vanaf 08:00: Basaar
Kontak Hennie Jooste by 082 562 2799 of **hennie.jooste@hotmail.co.za**
of Tertia Viljoen by 083 287 7470 of **viljoentertia@gmail.com**
Kaartjies by gemeentelike kerkkantoor 011 787 4983
of **admin@nhk-randburg.co.za**

ANDER NUUS

- **Hardloop vir Bybels.** Neem jy op Sondag 3 Junie deel aan die Comrades-marathon? Jy kan die Bybelgenootskap se **Hardloop-vir-Bybels-projek** ondersteun met jou deelname. Atlete word per kilometer geborg vir die afstand wat hulle voltooi, en die fondse stel die Bybelgenootskap in staat om bekostigbare Bybels vir meer Suid-Afrikaners beskikbaar te stel. Indien jy 'n atleet is wat wil hardloop vir Bybels, of indien jy 'n atleet wil borg, kontak jou naaste Bybelhuis. Gaan na die webblad **www.bybelgenootskap.co.za** vir besonderhede.

- **DIE ONDERSTEUNINGSRAAD: VAKATURES**
  Daar is tans poste vir **gekwalifiseerde maatskaplike werkers** by:
  - Brakpan
  - Nylstroom
  - Pretoria
  - Vanderbijlpark

  By die Lydenburg-kantoor:
  - 2/8ste sekretariële pos vir persoon wat rekenaarvaardig is
  - Pos vir Afrikaanssprekende hulpmaatskaplikewerker met geldige rybewys en wat by Raad vir Maatskaplike Diensberoepe geregistreer is

  Kontak Mariaan Steenkamp by **mariaans@nhk.co.za** of Charmaine Fourie by **oraadpb@nhk.co.za**, 012 322 8885 x313 of 071 684 7796.

- **NEGENDE SUID-AFRIKAANSE KONGRES VIR CALVYNNAVORSING**
  15 tot 17 Augustus 2012 (Woensdagaand tot Vrydagmiddag)
  Aros (Akademie Reformatoriese Opleiding en Studies) is gasheer
  Kontak ds HH van Alten by **hhvanalten@vgkmaranata.org.za**
  of 012 332 3256 indien u wil bywoon

- **PLAASMARK BY VOORTREKKERMONUMENT SE ERFENISTERREIN**
  5 Mei, 2 Junie en 7 Julie van 07:00 tot 13:00
  Op dak van groot amfiteater
  Kosstalletjies, kitskos, vleis, handgemaakte kunsitems
  Aktiwiteite vir kinders (kameelritte, perderitte, springkasteel, kersmakery)
  Suid-Afrikaanse Bloedbank vra besoekers om bloed te skenk
  Voornemende uitstallers kan Rachel of Adri kontak by 012 323 9201
  of **info@plaasmark.org**
  Besoek **www.plaasmark.org** vir meer inligting

- **ADVERTENSIES waarvan ’n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin ’n gemeente ’n projek prominent wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word.** Dit bestaan hoofsaaklik uit **teks van ongeveer 110 woorde** (u kan eenvoudige grafika of ’n foto voorsien), maar daar sal nie onderhandel word oor die uitleg daarvan nie. Indien ’n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit **verkieslik nie groter as ’n standaard besigheidskaartjie** wees nie. Die advertensie moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Die teks en bewys van betaling moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word Woensdae saamgestel en verskyn elke Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings. **Die koste is R150 per plasing**.

  Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan:
  Raad van Finansies
  ABSA Bank
  Tjekrekening nommer 020-000-287
  Takkode 632-005
  Verwysing: u naam + e-Hervormer Ads

KOMMENTAAR

Lesers kan kort kommentaar **(uiters 100 woorde)** stuur aan **produksie@nhk.co.za**. Langer bydraes sal nie geplaas word nie, en moet eerder na die gespreksforum van die Kerk se webblad by **www.nhk.co.za** gestuur word. Anonieme bydraes word ook nie gebruik nie. Die finale besluit oor plasing in die *e-Hervormer* berus by die redakteur.

“Ek is dit eens met dr Wim Dreyer oor kerkeenheid en dissipline. Ek wil ook vra, kom ons weerhou ons van kommentaar op sosiale webwerwe. Daar is net een Hervormde Kerk van Afrika, met genoeg ruimte in die huidige struktuur vir gesprekvoering oor kerkeenheid, teologiese navorsing en dissiplinêre maatreëls. Van die stellings op die webwerwe is van die punt af, van waarheid ontbloot en kan as lasterlik beskou word. Oningeligtes kan dit as feite vertolk, wat tot tweespalt kan lei. Dit is verwarrend en afbrekend vir nie-Hervormers en ons eie jeug wat die sosiale webwerwe gebruik vir meningsvorming.”

George Small

“Met respek aan dr Wim Dreyer: Tug mag ’n goeie idee wees, maar kan tog net suksesvol wees as jy die persoon wat na jou mening die tug moet ondergaan, kan dwing om dit te ondergaan en die gevolge te dra. Indien iemand reeds die Kerk wil verlaat, is tug gewoon sinneloos, of vererger selfs die situasie. Dit sou dalk beter wees om probleme met ’n meer sagmoedige broederlike of susterlike benadering te probeer uitstryk, ten spyte van die geskiedenis.”

Hein Marx

“Wonderlike nuus! Herinnering aan artikel 29 en die toepassing van die tug is so noodsaaklik. Dit impliseer darem dat dit konsekwent op alle volharding in die sonde toegepas sal word en nie net uitgesoekte sake nie. Daardie eenheid waarvan dr Dreyer praat, word veral bedreig deur uitsprake wat juis strydig met die Skrifuitleg van die belydenisskrifte is.”

Dr Gideon Grobler

AGTERBLAD

Redakteur: Dr André Ungerer
Subredakteur: Ds Etienne Fourie
Kerknuus: Dr Wouter van Wyk
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx